# KINDERKERK LES: Woord Studie – Verlossing

**Doel van les:**

In hierdie les gesels ons oor die moeilike woord VERLOSSING wat ons in die Bybel van lees.

Voordat julle met die speletjie begin, vra vir die kinders wat hulle dink 'n wet of reël is? Vra ook watter reëls bv. by die skool is.

**Sê:** Ons gaan nou 'n speletjie speel wat gaan oor snaakse wette wat in sekere lande gemaak is.

**Ysbreker: Vreemde wette waar of onwaar speletjie:** Deel die vertrek in twee. Skryf 'Waar' op 'n plakkaat en 'Onwaar' op 'n ander plakkaat. Plak die 'Waar' plakkaat aan die een kant van die vertrek en die 'Onwaar' plakkaat aan die ander kant van die vertrek.

Die kinders begin in die middel van die vertrek. Jy gaan nou 'n lys met vreemde wette lees en hulle moet besluit of die wette waar of onwaar is. As hulle waar kies, stap hulle na die kant met die 'Waar' plakkaat en as hulle 'Onwaar' kies, na die kant waar 'Onwaar' staan. Kom ons kyk wie kan die meeste reg raai.

**Lys van vreemde wette:**
- Dis onwettig om kougom in Singapoer te kou – Waar;
- Dis onwettig om duiwe in Venesië te voer – Waar;
- Dis onwettig om 'n Winnie the Pooh t-hemp in Duitsland te dra – Onwaar (Jy mag nie 'n Winnie the Pooh t-hemp in Pole dra nie.);
- Dis onwettig om 'n wapenrusting na die Britse parliment te dra – Waar;
- Dis onwettig om na middernag in die te donker in China te dans – Onwaar (Jy mag nie in die donker, na middernag, in Japan dans nie. Plekke moet goed verlig wees sou jy kies om na middernag te dans.);
- In Rome moet jy jou hond elke dag ten minste een maal vir 'n stappie neem of jy kan 'n boete ontvang - Waar
- In Spanje is dit onwettig om 'n sandkasteel te bou – jy sal beboet word. – Waar;
- Dit is onwettig om 'n troue in Frankryk te onderbreek – Onwaar (In Suid Australia kan jy beboet word of selfs tronkstraf kry sou jy 'n troue onderbreek.);
- Dis onwettig om boom te klim in Toronto, Kanada – Waar;
- In China mag jy nie die toilet na tien in die nag spoel nie – Onwaar – (in Switserland)

**Ysbreker 2: Maak jou eie wette/reëls** – Gee vir elke groep 'n skoon bladsy en 'n pen. Laat hulle nou maak asof hulle die president van Suid Afrika is. Watter wette/reëls sal hulle maak? Gee so tien minute vir hulle om als neer te skryf.

Kry terugvoering van die groepe.

**Sê:** Wette word gemaak sodat alles goed kan gaan in ons land en in die wêreld. Vandag gaan ons gesels oor die woord Verlossing. In ons speletjie het ons van wette gehoor wat nie regtig

na goeie wette klink nie, maar op een of ander manier wel tog gemaak is deur mense wat gedink het dat dit nodig is.

Daar mag dalk 'n goeie rede wees hoekom jy nie na middernag in die donker in Japan mag dans nie, of hoekom jy nie die toilet na tien uur in die aand in Switserland mag spoel nie. Of jy nou met die wette saamstem of nie, jy sal die gevolge dra as jy kies om die wette te oortree.

In die Ou Testament lees ons hoe die Israeliete probeer het om God se wette te gehoorsaam, maar hulle kon nie. Julle onthou mos nog die Tien Gebooie? Hulle het nog baie meer wette gehad as net daardie tien. God het geweet dat hulle Sy wette sal breek en daarom het Hy 'n plan gemaak. Hy het Jesus gestuur om aan die kruis vir ons sondes te kom sterf, en so ons Verlosser te wees.

**Illustrasie: Ons sondes word vergewe:** Vir hierdie illustrasie het jy 'n groot bord, 'n deurskynende drinkglas, 'n R1, 'n kers en water met voedselkleursel in nodig.

Plaas die bord op 'n tafel. Vir van ons kan dit moeilik wees om te verstaan wat gebeur het toe Jesus aan die kruis gesterf het. Wat beteken dit vir ons? Kom ons maak ons is hierdie R1. (Plaas die R1 op die bord).

Maak nie saak hoe hard ons probeer om soet te wees nie, ons almal doen verkeerde dinge. Ons noem dit sonde. Die Bybel vertel ons dat almal van ons sonde doen en dat ons straf vir daardie sonde die dood is.

Haal die gekleurde water uit en gooi dit in die bord. Kom ons sê die water is ons sondes. Ons verdrink omtrent in ons sondes. Ons kan nie self wegkom van ons sondes nie. Ons het Iemand nodig om ons te verlos van ons sondes.

Plaas die kers wat aangesteek is op die bord. Jesus is ons lig en Hy het aan die kruis gesterf vir ons. Plaas nou die glas bo-oor die kers. Na 'n paar sekondes sal die lig doodgaan en die water sal opgesuig word, in die glas in.

Is dit nie wonderlik nie. Jesus het met Sy lewe die skuld betaal vir ons sonde. Wie onthou wat ons verdien omdat ons sonde doen? Die dood. Wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee en vir Hom leef, dan was Hy ons skoon. Hy verlos ons van ons sondes (vat dit weg) sodat ons nie vir altyd in die hel hoef te bly nie. Nou kan ons uitsien na 'n lewe saam met Jesus in die hemel.

Hier is 'n voorbeeld van die Illustrasie om te help:

https://www.youtube.com/watch?v=S1-r53YVz6I

**Sê:** En nou hoop ek julle verstaan beter wat daardie groot woord verlossing beteken. Ons kan nooit goed genoeg wees of genoeg goeie dinge doen nie. Ons kan nooit al die wette gehoorsaam nie. Die mens is vol sonde. God het die beste plan gemaak vir ons sonde probleem – Jesus.

**Illustrasie: Gratis geskenk**

Aangesien ons nou die eerste deel van die les met geld gedoen het, het ek gedink om nog iets belangriks vir julle met geld te wys. Jy kan enige geldstuk vir hierdie illustrasie gebruik.

Wys die geldstuk vir die kinders en verduidelik hoekom dit jou geld is en hoe jy dit gekry nie, bv. jy het dit verdien of dit was 'n geskenk. Maak duidelik dat dit aan jou behoort.

Vra vir die kinders wat hulle sou doen as hulle die bedrag geld gehad het wat jy vir hulle wys.

**Efesiërs 2:8 sê:** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe/geskenk van God.

'n Mens wonder soms hoekom God ons gered het? Hy het ons gered omdat Hy lief is vir ons. Geen mens kan homself van sy sondes red nie. Dit is net God wat dit kan doen. En God red ons ook nie omdat ons gaaf en oulik is nie. O nee! Ons verdien dit glad nie dat Hy ons red nie.

(Reël vooraf met een van die leiers in die klas om wanneer jy 'n teken gee, op te staan en die geld te kom neem wanneer jy begin om die uitnodiging te rig om die geld te aanvaar as geskenk.)

**Vra:** Wat is 'n geskenk? As ek dan die geld wou weggee en dit vir enige iemand wou gee wat dit wil hê, sal hulle kan opstaan, na my toe stap, en dit neem sonder om daarvoor te werk of enige iets vir dit te doen. Hulle moet net hulle hand uithou en dit neem wanneer ek dit gee.

(Wys nou die teken ongesiens vir die leier om op te staan en die geld te kom neem).

**Vra:** Moes die persoon enige iets doen vir die geld om hulle sin te wees? Party mag nee sê, maar die antwoord is eintlik "ja".

Hulle moet dit kom haal. Die geld is vir enige iemand belowe wat opstaan om dit te kom haal. Ek het dit vir julle almal aangebied as geskenk. Julle moes net opstaan en dit kom kry.

Jesus wil ons elkeen die geskenk van die ewige lewe saam met Hom in die hemel gee. Hy wil elke mens red en verlos van sonde. Ons moet dit net by Hom kom kry. Hy gaan ons nie maak ons hartjies vir Hom gee nie. Ons moet Hom kies as ons Verlosser. Dit is die beste keuse wat ons ooit sal maak. Het jy al die keuse gemaak?

Sluit af in die groepe met gebed.